

8 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 12:25; 15:16**

**Fokusgedeelte: Spreuke 12:25; 15:16**

### **Hoe hanteer ek bekommernis?**

Ons twee teksverse maak duidelike uitsprake oor bekommernis. Vir die meerderheid van mense is bekommernis eenvoudig deel van die lewe. Miskien lees jy hierdie dagstukkie juis met groot bekommernis in jou hart. Tog waarsku Spreuke 12:25 dat jy nie moet toelaat dat jou bekommernis jou lewe oorheers nie.

“Bekommernis” sou ’n nog sterker betekenis kon hê: om angstig oor iets te wees. Hierdie angs wat mens soms oor jou bekommernisse beleef, wat jou in die nag laat wakker lê, word soos ’n klip wat swaar op jou hart lê – jy kan eenvoudig nie daarvan ontslae raak nie! En as jy toelaat dat daardie angs die oorhand oor jou kry, onttrek jy naderhand van ander mense. Daarteenoor vrolik ’n vriendelike woord ’n mens se hart op – stel jouself te midde van jou bekommernis oop om deur medegelowiges se vriendelike woorde opgebeur te word! Dit verdryf die angs van bekommernis.

Soms glo ons dat om meer te hê, ons bekommernis sal wegneem: as ek net meer geld gehad het, meer vriende gehad het, ander mense meer begrip vir my bekommernisse gehad het. Die Spreukedigter sê egter in 15:16 dat die teenoorgestelde waar is: rykdom (dus meer hê) bring sy eie bekommernis eerder as wat dit bekommernis wegdryf. Rykdom is immers tydelik en kan te enige tyd tot niet gaan, en dan bekommer jy jou oor hoe jy dit gaan behou! Of jy jou dus bekommer oor jou gebrek of jou oormaat, bekommernis sal daar wees.

Daarom die wyse raad van die digter dat die belangrikste is om die Here te dien, of jy nou min of baie het. Ook in jou verhoudings met ander mense is dit wyser om min te hê met liefde as baie met haat (vs. 17). Om meer te hê, is nié die antwoord op bekommernis nie! Fokus eerder daarop om te midde van jou bekommernisse steeds die Here te dien, soos Jesus ons ook leer (Matt. 6:33-34).

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6

Dr. H Goede (Vereeniging-Oos)